# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -40/2023 –Desember2023*

## KOMBUIS KONTRAK

Die nuwe maatskappy wat die bedryf van ons kombuis, kiosk en koffiewinkel gaan oorneem is **Feedem.**
Dis ’n groot maatskappy met baie ervaring in hierdie mark.

## DIE VOLGENDE GAAN IN JANUARIE EN FEBRUARIE 2024 GEBEUR:

Feedem neem oor vanaf 1 Januarie 2024 en gaan tot einde Februarie 2024 voort om die kontrak ten opsigte van heffingsetes en addisionele etes, van Tsebo (Fedics) onveranderd, teen dieselfde pryse, uit te voer.(R60 en R42 en R4 vir aflewering). **Moenie Feedem beoordeel op die Januarie 2024 en Februarie 2024 se diens nie. <u>Hulle eie kontrak begin eers op 1 Maart 2024.</u>**
Daar sal reeds vanaf 27 Desember 2023 van hul personeel op terrein wees om te verseker dat die oorname, met die nodige reëlings, betyds getref kan word sodat die proses so glad as moontlik kan verloop.
In die oorgangsfase kan daar waarskynlik enkele irritasies of probleempies ontstaan ondanks alle beste pogings om dit te voorkom. Ons sal daarop bedag en gereed wees om dit op te los. Wees geduldig asseblief.
Die proses om die kiosk en koffiewinkel te kombineer sal vanaf Januarie 2024 begin word. Daar sal terselfdertyd voortgegaan word om die huidige kiosk te verander in ’n kombuis wat uitsluitlik en onafhanklik vir die koffiewinkel gebruik sal word. Die kiosk items sal in die koffiewinkel te koop wees. Daar word gehoop om die proses in Januarie te voltooi. Dit sal diens in die koffiewinkel, na die veranderinge en volgens beplanning, dramaties kan verbeter.

## VANAF 1 MAART 2024 SAL DIE VOLGENDE VAN TOEPASSING WEES:

Die aantal heffingsetes sal verhoog word van die huidige 8 na 12 per maand.
Afleweringskoste van etes per eenheid sal R5 beloop. (vrystelling met brief van Suster Ina of Andrea)
Alle etes (heffing en vrywillige ekstras), sal elke dag dieselfde prys van R60 per ete hê.
Daar sal ook ’n ontbyt wees wat as heffingsete benut kan word teen R60.
Daar sal ook aandetes (laatmiddag) beskikbaar wees wat as heffingete sal kwalifiseer ook teen R60 per ete.
Die koffiewinkel met sy eie kombuis sal permanent beman word.
Die huidige kombuis se ontvangs kantoor sal beman word deur Feedem se bestuurder vir direkte en maklike kontak. Daar is ooreengekom dat daar ook ’n telefoon heeldag beantwoord sal word.

## PAALTJIEHEININGS

Daar is in beginsel besluit dat ons van houtpaaltjies na plastiekpaaltjies gaan oorskakel. Plastiekpaaltjies word vervaardig van gehersirkuleerde plastiek, is goedkoper as hout en verg minder onderhoud.
Intussen is daar verslae, wat glo daarop dui, dat gedurend hittegolwe die plastiekpaaltjies, soos hulle uitsit, van die raamwerk af kan afspring en dan vervang sal moet word.
Tot nou lyk dit nie of ons van die soort probleme ervaar nie.
Ons sal die verandering sistematies doen en nie eenmalig in die hele oord nie. Dit sou nie ekonomies wees om alle houtpaaltjies, ook die wat nog in ’n goeie toestand is te vervang nie.
Die gevolg is dat daar houtpaaltjies van verskillende “kleure” is wat vir sommiges nie mooi lyk nie. Wees geduldig dit sal met tyd verdwyn.

## PLAVEISEL

Plaveisel is herstel en/of vervang soos nodig en is amper geheel klaar en afgehandel in Area 1 (Oos van die kanaal). Dit sal hervat word vanaf 1 Maart 2024. (Huidige begroting uitgeput vir die item).

## HUISE SE NOKKE

Daar is onlangs 'n volle ondersoek gedoen na die toestand van die nokke. Die algehele toestand is bevredigend, maar daar is hier en daar krake wat beslis aandag benodig. Daar is begroot en in die komende finansiële jaar sal alle nokke weer behandel word.

## HUISE

Daar is ook begroot om alle huise weer te verf in die volgende begrotingsjaar. Daar word ook gekyk na alle hout buitedeure en **indien nodig** sal hulle ook weer behandel word.

## BOORGAT

Die boorgat word tans toegerus met 'n pomp, 3 fase krag en gekoppel aan die kragopwekker. Twee krane sal geplaas word by die paaltjieheining. Water sal beskikbaar wees in noodgevalle. Verdere moontlike benutting, soos vir tuine word ondersoek. Die boorgat lewer 6500 liter per uur.

## LITHIUM BATTERYE

Almal wat lithium batterye benut, met of sonder sonpanele, moet seker maak vir die beskikbaarheid van 'n **geskikte** brandblusser in geval van brand. Die **versekering vereis** dit.

## DUIWE BY WOONSTELLE

Die duiwe was ontwrig en het met die verf van die fassieborde en geute ander blyplek gaan soek.
Hulle maak nou nes onder die sonpanele!! Versoek aan almal wat op die 3de verdieping woon. Met sonsopkoms kom die duiwe tevoorskyn. As u so vroeg op is, hou vir ons dop waar die grootste aantal neste is. Laat weet ons teen einde Januarie sodat ons kan reël vir die verwydering daarvan.

## INFORMANT

Dit is met groot teleurstelling dat ons verneem dat Johan en Renee Janse van Rensburg ons gaan verlaat vir Centurion. Ons dank vir hul bydraes (Johan as redakteur van die Informant en Renee met die lyndanse).

***Ondersteun, Ons koffiewinkel, ons dinsdag mark, ons haarsalon, ons rolbal, ons mandjiedanse, ons eetsaal, ons braaigeriewe, ons maandmarkte, ons uitstallers, ons sorgsentrum, ons skoonheidssalon, ons kaas en wyn funksies, ons sop en sjerrie aande, ons gaskunstenaarsaande, ons kerkdienste, ons biblioteek, ons bybelstudies, ons kaartspeletjies, ons bingo, ons feeste, ons rummikub, ons tuindienste, ons skoonmaakdienste, ons tuisversorging, ons medisyne toediening, ons kliniek, ons kiosk, ons lyndans, ons trimgim, ons Dokter, ons oordsuster, ons wassery, ons straatbraaie, ons facebook, ons informant ONS BOUGAINVILLA AFTREE-OORD!!!***

# ***Wees op u hoede en reis veilig in die vakansie-seisoen***